

Doendinge vir Afrikaans

Nuusbrief van die **Vriende van Afrikaans**

Jaargang 26: Nommer 4: Oktober 2021

Die VVA en twee ATKV-takke vat hande om lees te bevorder

Die VVA het in samewerking met die ATKV-takke, Langsous en Seeuitsig, in September boektrommels aan vyf skole in Mosselbaai en Stilbaai oorhandig. Hierdie skenkings was moontlik gemaak deur die Afrikaanse Onderwysnetwerk wat fondse beskikbaar gestel het vir boektrommels en voorleeswerkswinkels wat deur die VVA aangebied word.

Interaktiewe voorleeswerkswinkels is aangebied deur Chareldine van der Merwe (VVA) en Dokka Swart (Doen en Leer) by Erika Primêr in Mosselbaai en Melkhoutfontein Primêr in Stilbaai. Dié werks-winkels was bygewoon deur opvoeders, ouers, nasorgversorgers, en ander belangstellendes. Dokka het beklemtoon hoe belangrik ritme en balans is vir kinders se leesontwikkel en ook, deur middel van terapeutiese oefeninge, gedemonstreer wat kinders met lees- en leeruitdagings, soos midlynkruising, kan help.

Chareldine het die belangrikheid daarvan om vir kinders voor te lees benadruk en 'n insiggewende praatjie oor die statistiek rondom leesvaardighede beklemtoon. Tydens die boektrommeloorhandiging word daar vir die leerders voorgelees en oor die waarde van boeke en lees gesels. Die kleingoed was vasgenaai en het na verskeie stories soos *Parmant* geluister wat elke keer wanneer iemand aan sy lyf wil vat antwoord: "Dit is my lyfie en ek sê nee, nee, nee." Die kinders het die woorde deur die loop van die storie herhaal as deel van vaslegging van 'n lewensbelangrike boodskap.

Die VVA wil die twee takke en die ATKV-streekbestuurder, Elda Kruger, bedank vir al die reëlings wat die suksesvolle aanbied van ons projekte moontlik gemaak het. Die volgende skole het elk 'n boektrommel ontvang: Erika-, Diaz-, Ridgeview-, Garden Route-, en Melkhoutfontein Primêr.



Chareldine saam met die ATKV-taklede, die hoof en personeel van Ridgeview Primêr.



Agter: Clive Gordon, Eveline Cilliers, Chareldine van der Merwe, Janice Constance, Genevieve Muller (skoolhoof). Voor: Kappie Kapp en Elda Kruger (ATKV) – Diaz Primêr.




Leerders en personeel van Diaz Primêr saam met die ATKV.



Dokka Swart demonstreer terapeutiese oefening.

AON
Afrikaanse Onderwysnetwerk



'n Divisie van die ATKV

Leesgroepies in Paardeberg



Kinders van Onse Skool in Paardeberg word vroeg aan die boekies blootgestel.



Personeel van Onse Skool (kleuterskool) en Anne Pienaar Primêr (Paardeberg) saam met Dokka en Chareldine – Die skole het elk 'n boektrommel ontvang en het die voorleeswerkswinkel bygewoon.

“ Ek stuur jou 'n paar foto's van ons leesgroepies. Die kleuterskool se opvoeders het leesgroepies op hulle plase begin (ons opvoeders woon almal op die berg) en stadigaan begin daar nou ander groepies ook. Gewoonlik begin 'n ma net vir haar eie kindertjies lees en dan groei die groepie en later sit daar kleuters en opgeskote laerskoolkinders en luister na dieselfde storie. Soms loop iets dood en dan begin daar weer een. Ons was 8 groepies in Januarie en nou is daar 6, maar 2 nuwes is weer aan die groei. Ons is nou so bly die laerskool gaan ook met 'n biblioteek begin, want dit gaan die ouer kinders meer leesstof gee wat ouderdomsgerig is. Intussen sit 'n paar van hulle in en luister na enigiets van die Smurfies en Liewe Heksie tot die Babalela. Gewoonlik kom die groepies twee maal per week bymekaar, sommige groepe kry net een per week ingepas.

Die voorleeswerkswinkel gaan almal definitief weer 'n goeie inspuiting gee en motiveer!

Groete

Delana Sadie

Maranatha Trust



Hier is Dokka Swart (Doen en Leer) besig om te demonstreer hoe mens 'n kind leer lees.

"Elke kind wil lees"



Dr Jerome Joorst (Universiteit Stellenbosch) saam met van die sprekers: Euria Hendricks, Dokka Swart, Chareldine van der Merwe, Shemoné Bokhary, Joan Kruger en Beverly Da Costa.



Die Koelkamers Teater waar die Leeskonferensie aangebied was.

Die Vriende Van Afrikaans, 'n divisie van die ATKV, het op 30 September 2021 'n Leeskonferensie in Paternoster aangebied. Die konferensie was vir die eerste keer in die Weskus aangebied en bygewoon deur ongeveer vyftig kleuter- en laerskoolopvoeders, ouers en belangstellendes by Die Koelkamer Teater. Die tema vir die konferensie "Elke kind wil lees" is spesifiek gekies omdat die VVA glo dat kinders wil lees en onafhanklik kan dink.

Die aanbieders was Christien Naser (skrywer, spraakterapeut en leeskundige), Euria Hendricks: EH Training & Development (onderwyspraatjie), Theresa Sass: Bestuurder van die Biblioteek en Inligtingdienste vir die Saldanhabaai Munisipaliteit, Beverly Da Costa van ORT SA Cape Education (bevorder taal met Lego), Dokka Swart: Doen en Leer (Leesdemonstrasie), en Chareldine van der Merwe: ATKV (die waarde van voorlees). Shemoné Bokhary was die programleier en Joan Kruger het die bedankings gedoen (albei van Hoopsig Sentrum). Christien Naser het via 'n zoomsessie haar aanbieding oor "Die inklusiewe klaskamer aangebied." Die verskeie kundiges het gesels oor uitdagings in die klaskamer en nuttige wenke, statistiek en inligting, en het voorstelle gegee om lees vir kinders lekker en interessant te maak. Die klem was ook geplaas op hoe 'n mens 'n liefde by kinders vir woorde en lees kweek sodat hulle lewenslange lesers word, maar ook optimaal kan leer.

Die VVA se Leeskonferensie was in samewerking met die AON, Hoopsig Sentrum, Saldanhabaai Munisipaliteit en Die Koelkamers Teater aangebied.

Diazville Primêr het ook 'n boektrommel na afloop van die leeskonferensie ontvang. Die boektrommel-oorhandiging is moontlik gemaak deur 'n skenking van die Sursum Corda 100 Welsynstrust.



Dokka Swart, Shemoné Bokhary en Chareldine van der Merwe.



Personeel van Diazville Primêr ontvang hul boektrommel.



GAAN KYK!

Die volgende artikel het in *Taalgenoot* verskyn:

Ommietafelgesprek 2021: Vrouwees

Deur Jacques Myburg



René Arendse – gesprekleier saam met die sprekers: Diana Ferrus, Tania Smit en Anzil Kulsén.

Vrouedag kom en gaan, die 16 dae van aktivisme ook, en tog lyk dit dikwels of daar maar min vordering met dié kwessies gemaak word. Drie vroue besin oor wát gevier kan word en wat nog moet verander ...

Die dapperheid van vrouwees

Die wêreld spog met talle sterk vroue – selfstandig, selfversekerd en onverskrokke. Dink maar aan die politici Helen Zille, Hillary Clinton, Theresa May en Angela Merkel. Hulle deins geensins terug in wat nog op talle vlakke 'n patriargale samelewing is nie.

Hulle is nie die enigste nie. Ons kry hulle in ons gemeenskappe waar die raadslid, die onderwyseres en die verpleegster hul roeping uitleef. Hulle is ons ma's wat lang ure werk en steeds vir hul gesin sorg.

Steeds is daar talle voorbeelde van ongeregtigheid teenoor vroue. Geslagsgebaseerde geweld is een van die grootste kwelpunte in ons samelewing. Volgens die Suid-Afrikaanse misdaadstatistieke vir 2020 is daar verlede jaar minstens 53 000 vroue verkrag. Van 2015 tot 2020 is 13 815 vermoor.

Die Vriende van Afrikaans (VVA), 'n afdeling van die ATKV, het besluit om in sy jaarlikse Ommietafelgesprek die kollig op vrouwees te plaas. Die gesprekreëks, wat in samewerking met Afrikaans.com en die KKNK aangebied word, vind elke jaar

op Taaldag (14 Augustus) plaas. Vanjaar se gesprek is weens die pandemie regstreeks op die KKNK se webwerf aangebied.

“Ons het vanjaar besluit om Vrouedag te vier en het gefokus op die bydrae van vroue tot nasiebou, die welslae van vroue en uitdagings wat hulle moet oorkom,” sê Chareldine van der Merwe, projekbestuurder by die VVA.

Die skrywer Anzil Kulsén, wat projekorganiseerder by die ATKV is, die skrywer en sakevrou Tania Smit en die digter en skrywer Diana Ferrus het aan die gesprek deelgeneem.

“Vroue dra soveel by tot die samelewing,” sê Diana. “Hulle vertolk soveel rolle en tog is hulle nog ondergeskik aan mans. Vroue dra die gemeenskap en doen dit so outomaties dat hulle dink dit moet só wees. Wanneer ons vroue vier sê ons dankie vir dit wat hulle doen om hierdie wêreld se hart aan die klop te hou.”

Anzil sê hoewel vroue gevier word, is daar baie vroue wat nog in vrees lewe. “Selfs in huwelike en verhoudings is daar vroue wat swyg oor die lyding wat hulle deurmaak. Ek sou eerder wou sien dat daar 'n veldtog van stapel gestuur word waarin slagoffers en skuldiges van hierdie geweld teen vroue berading kry. (Vervolg op bl. 5)

"Daar is te veel seer by talle mans, emosies wat onverwerk bly, te veel onverwerkte trauma, maar daaraan word niks gedoen nie. Ons kan vroue vier, ja, maar ons sal met nugter oë na die wanbalans tussen mans en vroue moet kyk en daaraan iets daadwerklik doen. Geen vrou behoort in vrees te leef nie."

Diana stem saam en sê daar word nie genoeg gedoen om vroue te beskerm nie. "Ons het al vir soveel jare die 16 dae van aktivisme, daar is al soveel organisasies

"Vroue dra die gemeenskap en doen dit so outomaties dat hulle dink dit moet só wees. Wanneer ons vroue vier, sê ons dankie vir dit wat hulle doen om hierdie wêreld se hart aan die klop te hou."

- Diana Ferrus

op die been gebring om vroue by te staan, maar hoekom het ons steeds soveel probleme en geweld teen vroue? Doen vroue in hul individuele kapasiteit genoeg?"

Tania voeg by: "Hoewel ek 'n voorstander is van gelykheid tussen geslagte in sommige opsigte, en ek byvoorbeeld dankbaar is dat ek teen mans kan meeding in my professionele wêreld, voel ek sterk daaroor dat geslagte verskillend geskape is – dat ons nie in alle opsigte gelyk is nie, maar eerder verskillend is sodat ons mekaar kan aanvul."

Vroue moet onafhanklik wees, maar nie noodwendig 'n man se hulp van die hand wys nie, sê sy. "Daar's byvoorbeeld 'n heerlikheid daaraan om met 'n glas wyn te sit en kuier terwyl 'n man 'n sappige steak vir jou braai, of te weet 'n man is by as mens in die nag met 'n pap band gaan staan."

Tania glo dit is belangrik dat vroue "eg" is. "Jy moet eerlik met jouself en jou emosies omgaan. Jy moet besef dat ware geluk iets is wat soms werk verg én dapperheid – dit val nie net in mens se skoot nie.

"Bowenal dat dit in ons feilbaarheid is waarin ons soms mekaar gaan vind; nie altyd net in ons onverskrokkeneheid nie. Enige mens moet die reg hê om menslik te mag wees, met foute, en dat ons daarom sag met onself moet omgaan."

Volgens Diana is vroue onmisbaar en hulle moet dit besef. "Ons wys aan hulle hoe hul bydrae, hoe gering ook, help om die samelewing vorentoe te vat. En wanneer ons vroue vier, wil ons hulle ook bewus maak daarvan dat hulle meer erkenning verdien as wat hulle kry."



Gerrie Lemmer (uitvoerende hoof: kultuur by die ATKV) verwelkom die gaste en gee agtergrond oor die ATKV.



Chareldine van der Merwe (VVA) en René Arendse (Afrikaans.com)



Gaste by die Ommietafelgesprek.

BRIEWE

Goeidag Chareldine

Dis ALTYD lekker om deur jul tydskryf te lees, propvol opvoedkundige padkos en nuttige wenke. Ons waardeer julle.

Taalgroete.

Nunia Joseph

Kurrikulum Adviseur: Afrikaans InterSen
Metro Oos Onderwysdistrik
Western Cape Government

Middag Chareldine

Baie dankie vir nog 'n lekker nuusbrief. Dankie dat jy voorvat om kinders te stimuleer met leesstof wat vir hulle so noodsaaklik is. Dit word raakgesien en waardeer.

Groete

Sustiana van Huyssteen

Goeiedag Chareldine

Baie dankie vir die vrolike Nuusbrief wat ek gereeld ontvang. Afrikaans is regtig plesierig!

As afgangtrede opvoeder klop my hartsteeds warm as ek sien met hoeveel passie en liefde due ATKV ons leesprogramme in gemeenskappe bevorder.

'n Volstruisveër in jou hoed dat julle span dit met soveel opregte ywer aanpak.

Mooi groete

Anna Oppel

Bottelary Heuwels Renosterveld
Bewarea

EBENEZER PRIMARY



Klein Drakenstein Road, Huguenot, Paarl, 7646. Tel./Fax.: 021-8620710
Email: ebenezer.prim@wcgschools.gov.za

2021-07 -27

Beste Chareldine en Mandie

Namens die skoolhoof en grondslagfase personeel van Ebenezer Primêr, wil ons julle graag bedank vir die aanbieding van die werkswinkel, asook die skenking van die leestrommel.


Baie dankie dat julle die waarde van lees weer onder elkeen van ons se aandag gebring het en ons geïnspireer het om ons huidige onderwyspraktyke aan te pas om lees vir genot deel van ons daaglikse dag te maak.

Ons is baie opgewonde oor die leestrommel en al die pragtige boeke en lekker opvoedkundige speletjies. Ons glo ons kinders gaan verryk word en ons hoop om hulle ook te inspireer om lewenslange lesers te word!

Ons wens julle alle sterkte toe met julle werk vorentoe.

Groete

Judith Coetzee en Mariëtte Harker



VERSPREI GERUS DIE NUUSBRIEF

Doendinge in Afrikaans

NUUSBRIEF

Redakteur: **Mandie Ehlers**

Assistentredakteur: **Chareldine van der Merwe**

Bladuitleg: **Plenti Creative**

ALGEMENE INLIGTING

Straatadres:

Cotillion Place, Technorylaan 22
Tegno Park Stellenbosch 7600

Posadres: Posbus 1209, Stellenbosch 7599

Telefoon: 021 880 1761/ 021 880 1743

Faksnommer: 021 880 1946

E-posadres:

Mandie Ehlers:

mandiee@atkv.org.za

Chareldine van der Merwe:

chareldinev@vva.atkv.org.za

Webtuiste: www.atkv.org.za

Koopdinge in Afrikaans

DIE VOLGENDE ITEMS IS BY DIE KANTOOR TE KOOP:

- 1. Dubbel-CD:** Ou Vriende van Afrikaanse kunstenaars soos Laurika Rauch, Lucas Maree en bekende kore teen R100
- 2. Voetslaankaart van Tafelberg in Afrikaans** geskep deur Peter Slingsby teen R20
- 3. Pieter van der Westhuizen-huldigingsbundel** (277 pp. bladmusiek van gewyde musiek) teen R160
- 4. CD: Vespers van Rachmaninof** in Afrikaans teen R120
- 5. Basic Afrikaans – the top 1000 words and phrases** teen R135
- 6. Joernaal van Jorik – in klank** (toonsetting deur Roelof Temmingh) teen R120
- 7. Die Nagbiblioteek** deur Amanda de Stadler, 'n A3-formaat voorleesboek vir kinders onder 8 jaar teen R120

(R65 posgeld per bestelling moet ongelukkig gehef word)

Bank:

ABSA, Tjekrekening

Rekeningnaam: ATKV

Rekeningnommer: 0170166728

Takkode: 632005

Vir buitelandse inbetalings gebruik die volgende

"Swift Code": ABSA ZA JJ

As verwysing gebruik asb: VVA en die item (bv. naam van CD, gedenk bundel, boektrommel ens.) E-pos of faks dan net die bewys van betaling, naam en van en ook bedrag wat inbetaal word.

